Donderdag **25 April**

**Skrifgedeelte: Levitikus 20:22-27**

**Fokusgedeelte: Levitikus 20:26**

## ’n Heilige verbintenis met die Heilige

In die boek Levitikus vind ons by uitnemendheid die onderwysinge van die Here oor hoe sy volk heilig moes lewe. In die gelese gedeelte sien ons ook enkele voorbeelde daarvan.

Die grondslag vir die volk se heiligheid gaan egter nie bloot oor ’n voorbeeldige lewe nie, maar oor Wie God is. In vers 24 hoor Israel dat die Here hulle afgesonder het van al die ander volke. Hy het op Israel beslag gelê as sy volk en Hy het dit bewys deur hulle bevryding uit Egipte. Die Here wat op sy volk beslag gelê het, strek egter verder terug as hulle bevryding uit Egipte. Die Here het reeds eeue tevore sy verbond met Abraham, Isak en Jakob opgerig. Die verbond is ’n heilige en onbreekbare band tussen God en Israel. Soveel so dat die Here vir hulle sê dat hulle heilig moet wees, aangesien Hy heilig is. In verbondenheid aan hulle God moes Israel se lewenswyse die verbond met hulle heilige God openbaar. Tog kon hulle die bevele tot heiligheid, weens hulle sonde, nooit gehoorsaam nie. Hulle het telkens soos die heidense volke begin leef. Die Vader het egter sy Seun gestuur om onder sondaars te woon en hulle ongeregtighede op Hom te neem. Sodoende het die Heilige van God ons geheilig deur sy versoeningsbloed. Aan hierdie geheiligdes gee God sy Heilige Gees, sodat ons ’n lewe van afsondering van die sonde kan leef, maar ook van toewyding aan die wil van God. Ons word wonderlik getroos. Die mense wat God vir Homself geheilig het, hoef nie uit eie krag heilig te leef nie. Hulle ontvang die eindelose krag van die Heilige Gees, wat hulle troos in hierdie gebroke en gevalle wêreld. Daarom wil hulle en daarom kan hulle al hoe meer en meer heilig wees, aangesien hulle Vader heilig is.

Bid vandag om die leiding van die Heilige Gees. Hy sal ons help en troos om iets van die onpeilbare heiligheid van die Heilige van Israel in die wêreld sigbaar te laat word.

*Sing: Psalm 99-1:1, 2, 5*

*Ds. RA (Ronald) Bain (Oranjerivier)*